AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 6

VOORBEELDVRAESTEL

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS.

   AFDELING A: Lees en Kyk (20)
   AFDELING B: Taalstrukture en Konvensies (20)

2. Lees die tekste goed deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Moenie verkeerd van die vraestel afskryf nie.

5. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEES EN KYK

Lees die onderstaande storie en beantwoord vrae 1–9.

1. Op ’n dag is ’n winkelier met sy twee donkies op pad na ’n groot stad. Hy loop met ’n stok in sy hand agter sy twee donkies aan. Die eerste donkie dra ’n vrag spons. Hy dra lig en stap vrolik en vinnig al agter die ander donkie aan.

   

   Die tweede donkie dra ’n vrag sout. Hy dra swaar en stap stadig al met die pad langs.

2. Hulle stap ver. Uiteindelik kom hulle by ’n rivier aan. Die winkelier ken die rivier goed.

3. “Swem jy eerste deur,” sê hy vir die eerste donkie wat die sout dra. Stadig stap die donkie met sy sware vrag sout in die water in. In die middel van die rivier trap hy in ’n gat op die bodem. Hy sak in die water weg dat net sy kop bo die water uitsteek. Al die sakke sout is onder die water. Hy sukkel-sukkel totdat hy uiteindelik aan die anderkant uitkom. Al die sout het in die water opgelos en die donkie is van sy sware vrag ontslae.

4. Die winkelier klim op die rug van die tweede donkie wat die sponse dra. Sonder om te dink loop die donkie met sy vrag sponse en die winkelier op sy rug al agter die eerste donkie aan. Hy trap in dieselfde gat op die bodem van die rivier.

5. Die arme donkie val pens en pootjies in die water sodat die winkelier en die sakkie spons sopnat word. Die sponse word toe so swaar van al die water dat die donkie nie by die anderkant kan uitkom nie. Die winkelier klou vir lewe en dood om die donkie se nek vas.

6. Gelukkig kom daar ’n boer verby wat die arme donkie en die winkelier help om uit die rivier te kom.

[Verwerk uit: *Die Mooiste Dierefabels Fantasie Boeke*]

Beantwoord die volgende vrae.

1. Vul die korrekte woord in die volgende sin in.

   ’n Winkelier was op pad na die _____ toe. (1)

2. **Omkring** die letter van die korrekte antwoord.

Waarom moes die donkie met die swaar vrag sout eerste deur die rivier swem?

Sy vrag was die …

A ligste. B nuutste. C swaarste. D oudste. (1)

3. Wat het met die eerste donkie gebeur toe hy in die water gestap het?

_____ (1)

4. Noem TWEE van die hoofkarakters in die storie.

_____

_____ (2)

5. Wie het die winkelier en die donkie gehelp?

_____ (1)

6. Die volgende sinne is in die verkeerde volgorde geskryf. NOMMER elke sin (1–4) in die korrekte volgorde soos wat dit in die storie gebeur.

	Antwoord
Die winkelier en donkie met die vrag met sponse verdrink amper.	
Die boer help die winkelier.	
Die vrag sout smelt in die rivier	
’n Winkelier stap met sy twee donkies stad toe.	

(2)

7. Watter woorde sê vir ons dat die tweede donkie nie versigtig in die rivier geloop het nie?

(2)

_____

8. **Omkring** die letter van die korrekte antwoord.
Watter les kan uit die storie geleer word?

Moenie …

A ander volg nie, neem jou eie besluite.
B met sponse in ’n rivier loop nie.
C op donkies ry nie.
D eerste swem nie. (1)

[11]

LEES EN KYK: GEDIG

Lees deur die onderstaande gedig en beantwoord vrae 9–15.

DIEREVRIENDE

’n Hond is regtig ’n liewe dier,
hy waai sy stert van pure plesier.
hy lek jou vinnig op die wang,
pasop tog gou voor Ma jou vang!

Ons kietsiekat is gans te koel,
sy kom net nader as sy so voel.
sy vly haar lekker eenkant neer,
vir jou voel sy ’n veer.

Die voëltjie in sy hok
sit ure op sy stok.
hy hou van koppie krap
as jy na hom toe stap.



[Francois Jacobs: *Uit Nuwe Kinderverseboek*]

9. Skryf TWEE woorde uit strofe een neer wat met mekaar rym.

_____ rym met _____ (2)

10. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Kietsiekat is ’n _____ kat.

A gemaklike
B kwaai
C stout
D slim (1)

11. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Die herhaling van die **'k'** - klank in '**k**oppie **k**rap' is 'n voorbeeld van _____.

A 'n metafoor
B 'n vergelyking
C assonansie
D alliterasie (1)

12. Tik (√) een van die volgende blokkies.

Dink jy die spreker is lief vir diere? JA ☐ NEE ☐
Hoekom se jy so?

(1)

_____

13. Noem enige ander dier uit die gedig behalwe die kat.

(1)

_____

14. Voltooi die volgende sin.

Om "vere te voel" vir iemand beteken om geen _____ (2)
vir 'n saak te hê nie.

15. "Sy vlei haar lekker eenkant neer," beteken om te …

A staan
B lê
C rol
D spring (1)

[9]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

Lees deur die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat volg.

FEITE OOR MEERKATTE

1. Sommige diere is **sosiale diere**. Hulle hou daarvan om in groepe te leef, te beweeg, saam te eet en mekaar te help. Meerkatte leef saam in sosiale groepe. 'n Groep bestaan gewoonlik uit twee of drie families.

2. Hoe lyk 'n meerkat? 'n Volwasse meerkat weeg ongeveer 1 kg, met 'n stert wat 20 cm lank is. Die lang stert help die meerkat om regop te staan. 'n Meerkat het lang, skerp kloue wat gebruik word om mee te grawe of om bome te klim.

3. Meerkatte leef en slaap in tonnels. Hulle gebruik ook die tonnels om in weg te kruip en rond te hardloop.

4. Waar en hoe leef meerkatte? Hulle word in plekke wat dit baie droog is gevind. Dit word hulle habitat genoem. Die habitat is die plek waar hulle kos, water en skuiling gebied word.

5. Meerkatte slaap snags. Soggens kom hulle uit om hulleself in die hitte van die son warm te maak. Wanneer hulle regop staan, verhit die son hul mae wat in die koue woestynnagte afgekoel het.

6. Dit word verskriklik warm gedurende die dag in die woestyn. Hulle kruip dan terug in hulle tonnels om af te koel.

17. Voltooi die volgende sin met **een woord** uit paragraaf 1.

Meerkatte hou daarvan om in groepe te leef, dus is hulle _____ diere. (1)

18. Skryf slegs die **byvoeglike naamwoord** uit die volgende sin neer.
Byvoorbeeld: Die meisie se rok is **mooi**.

Die meerkat se stert is baie lank.

_____ (1)

19. Skryf slegs die **meervoud** van die onderstreepte woorde neer.
Byvoorbeeld: boek – boeke

Diere woon in verskillende **habitat**.

_____ (1)

20. Gee die **verkleinwoord** van die onderstreepte woord.
Byvoorbeeld: hond – hond**jie**

Die klein **meerkat** bly altyd naby hul ouers.

_____ (1)

21. Skryf die volgende sin oor en vul die korrekte leestekens in.

waarom slaap meerkatte snags

_____ (1)

22. Vul die korrekte **voorsetsel** in.

Die meerkat sit _____ sy hok. (1)

23. Skryf die **teenoorgestelde** vir die onderstreepte woorde neer.
Voorbeeld: **naby – ver**

Meerkatte is baie **stadige** diere.

_____

Die diere se kloue is **stomp**.

_____ (2)

24. Watter **tipe sinne** is die volgende sinne?
Bv. Waar woon jy? = *Vraagsin*

Pasop vir die kwaai meerkat! = _____

Meerkatte is sosiale diere. = _____

(2)

25. Gee die korrekte **intensiewe vorm** van die volgende woorde.
Voorbeeld: Baie **bang** is **doodbang**.

Meerkatte is baie **vinnig**, dus is hulle _____. (1)

26. Onderstreep die korrekte woord tussen hakies om die sinne te voltooi.

a) Die volwasse meerkatte weeg (swaar/swaerder) as die jong meerkatte. (1)

b) Die mannetjies klim (beter/goed) as die wyfies. (1)

27. Skryf **een** sin neer om die ander betekenis van die woord **"opgelos"** te verduidelik.

Hulle het gou hul probleme **opgelos**.

_____

_____ (1)

28. Verander die volgende sinne na die **ontkennende vorm.**

Byvoorbeeld: Die kind is stout = Die kind is nie stout nie.

Meerkatte slaap snags.

_____ (1)

29. Onderstreep die **bywoord** in die volgende sin.
Byvoorbeeld: Hy loop **stadig**.

Hulle staan regop in die son. (1)

30. Verbind die volgende twee sinne met die woord tussen hakies.

Meerkatte het lang kloue. Meerkatte moet diep in die grond in grawe. (want)

_____

_____ (2)

31. Skryf die sin in die **verlede tyd** oor. Die eerste woord (gister) is vir jou gegee.

Hulle kruip weg.

Gister _____ (1)

32 Breek die woord MEERKATTE op in ***lettergrepe*** .

_____ (1)

TOTAAL AFDELING B: (20)
GROOTTOTAAL: [40]